5. (1) The Council shall provide at a Bath such dressing rooms or cubicles as it may deem necessary, in which persons attending for the purpose of bathing, shall change from their ordinary clothes into bathing costumes, and vice versa. The Council shall also provide such sanitary conveniences and other facilities as it may deem necessary.

(2) Separate accommodation in such dressing rooms or cubicles, sanitary conveniences and other facilities, shall be provided for both sexes and notices shall be erected stating the sex which shall be entitled to use the respective dressing rooms or cubicles, sanitary conveniences or other facilities. No person shall enter any such dressing rooms or cubicles or other accommodation which

ander akkommodasie wat vir die teenoorgestelde geslag afgesonder is, binnegaan nie.

(3) Die Raad kan in sodanige kleedkamers of hokkies sodanige ingeboude of draagbare houers aanbring as waarop hy van tyd tot tyd besluit en waarin die klere en ander besittings van baaiers geplaas kan word.

Geskikte slotte kan aan sodanige houers aangebring word, en, indien hulle draagbaar is, kan hulle, wanneer hulle in gebruik is, op versoek van die betrokke baaiër, op sodanige plek geplaas word as wat die Raad mag voorskryf. Geen persoon mag sonder die toestemming van die besondere baaiër wat direk daarby betrokke is, enige klere of ander besitting uit 'n houer wat vir die gebruik van sodanige baaiër opsygesit is, verwyder of hom op enige wyse daarmee bemoei nie.

(4) Geen persoon mag enige ander kleedkamer of hokkie as die een wat deur die Superintendent aan hom aangewys is, gebruik nie, en geen persoon mag enige kleedkamer of hokkie wat reeds in gebruik is, binnegaan of probeer binnegaan sonder die toestemming van die persoon wat daarin is of van die Superintendent nie. Geen persoon mag enige kleedkamer of hokkie vir langer as wat die Superintendent voorskryf, gebruik of okkupeer nie, en geen persoon mag in sodanige kleedkamer of hokkie of in die gange of toegange wat daarheen lei, ronddraal nadat die tydperk wat die Superintendent vir die gebruik of okkupasie daarvan voorgeskryf het, verstreke is nie. Geen persoon mag op gewelddadige of ander onbehoorlike manier toegang tot enige kleedkamer verkry of probeer verkry nie.

(5) Geen persoon wat in enige kleedkamer of hokkie sy gewone klere uitgetrek en sy baaiklere aangetrek het, mag sodanige kleedkamer of hokkie verlaat met die doel om te gaan baai voordat hy hom behoorlik en voldoende onder die stortbaddens wat vir die doel aangebring is, gewas het nie.

(6) Geen persoon mag in enige bad baai sonder dat hy behoorlik en voldoende in 'n baaikostuum geklee is nie, en geen persoon mag op enige plek wat vir die publiek sigbaar is, verskyn sonder dat hy in sodanige baaikostuum of ander behoorlike en genoegsame klere geklee is nie. Die Superintendent kan enige persoon wat na sy mening hierdie regulasie oortree, versoek om die bad onmiddellik te verlaat, sonder dat hy aan sodanige persoon sy toegangsgeld moet terug te betaal; met dien verstande dat sodanige uitsetting nie die betrokke persoon vrywaar van aanspreeklikheid vir die boete wat ten opsigte van die oortreding van hierdie regulasies voorgeskryf is nie.

(7) Geen persoon mag by enige bad —

- (a) enige kleedkamer, hokkie, sanitêre geriewe, heining of ander deel van enige bad beskadig of skend nie;
- (b) enige oorlas veroorsaak of op enige muur of ander gedeelte van enige bad skryf, teken of krap nie;
- (c) enige vullis of ander afval weggooi, neersit of agterlaat nie, behalwe in die houers wat vir die doel verskaf word nie;
- (d) enige meubelstuk, toebehore, handdoek, kostuum of ander artikel of ding wat by die bad behoort of in gebruik is en wat aan die Raad behoort, verwyder, wegneem, neergooi, beskadig of vernietig nie;
- (e) by wyse van oproerige of onbehoorlike gedrag enige persoon hinder, beseer of molesteer of enige Superintendent in die uitvoering van sy pligte hinder, of onbehoorlike, aanstootlike of lasterlike taal gebruik, of hom op onbehoorlike of aanstootlike manier gedra nie.
- (f) Geen persoon mag, terwyl hy in die swembad verkeer, spuug, of enige seep of ander preparaat of stof gebruik wat die water in sodanige swembad mag vertroebel of dit ongeskik mag maak vir gebruik deur ander baaiers nie.
- (g) Geen persoon mag die water in enige swembad moedswilliglik of onbehoorlik vuil maak of besoedel nie, en geen persoon mag enige handdoek, baaikostuum of ander artikel wat vir sy gebruik aan hom verskaf is, of enige kleedkamer, hokkie of afskorting of enige meubelstuk of ander artikel daarin, moedswilliglik vuil maak of skend nie.

(8) Geen persoon wat in 'n besope toestand verkeer, of van wie die Superintendent te goeder trou glo dat hy

shall have been appropriated or set apart for the use of the opposite sex.

(3) The Council may provide in such dressing rooms or cubicles such fixed or portable containers as it may decide from time to time, in which the clothes and effects of a bather may be deposited. Such containers may be fitted with suitable locks, and if portable, such containers when in use may at the request of the bather concerned, be placed at such place as specified by the Council. No person shall without the authority of the actual bather directly concerned therewith, interfere with or remove any clothing or effects from any container which has been provided for the use of such bather.

(4) No person shall use any dressing room or cubicle other than that which may be indicated to him by the Superintendent, and no person shall without the consent of the occupier or the Superintendent enter or seek to enter any dressing room or cubicle which is already occupied. No person shall occupy or use any dressing room or cubicle for a longer period than that determined by the Superintendent, nor shall any person loiter in such dressing room or cubicle or in the doorways or passages leading thereto after the expiration of the period of occupation or use as determined by the Superintendent. No person shall forcibly or by other improper means seek admission to any dressing room or cubicle.

(5) No person having changed in a dressing room or cubicle from his ordinary clothes into a bathing costume, shall leave such dressing room or cubicle in order to bathe without first having properly and sufficiently washed himself under the showers provided for the purpose.

(6) No person shall bathe at a Bath unless decently and adequately clothed in a bathing costume, nor shall any person appear anywhere exposed to public view at a Bath, unless either wearing such a bathing costume or otherwise properly and decently dressed. It shall be lawful for the Superintendent to call upon any person who in his opinion is contravening the provisions of this regulation immediately to vacate a Bath without refunding the charge paid for admission thereto; provided that this shall not absolve any such person from being liable to the penalty provided for a contravention of these regulations.

(7) No person shall at a Bath —

- (a) damage or deface any dressing room, cubicle, sanitary convenience, fence or other part of a Bath;
- (b) commit any nuisance, or write, draw or scribble on any wall or other part of a Bath;
- (c) throw or deposit any filth or refuse except in such receptacles as may be provided for the purpose;
- (d) remove, take away, throw down, damage or destroy any furniture, fitting, towel, costume or other article or thing appertaining or used at a Bath and which is the property of the Council;
- (e) by any disorderly or improper conduct, disturb or injure or molest any other person or obstruct any Superintendent in the execution of his duty or use any indecent, offensive or profane language or behave in an indecent or offensive manner.
- (f) No person shall at any time while being in the swimming bath, expectorate, or use any soap or other substance or preparation whereby the water in such swimming bath may be rendered turbid or unfit for the proper use of bathers.
- (g) No person shall wilfully or improperly foul or pollute the water in any swimming bath, or wilfully or improperly soil or defile any towel, bathing costume or other article supplied for the use of such person; or any dressing room, box or compartment or any furniture or article contained therein.

(8) No person who is in a state of intoxication, or who the Superintendent bona fide believes to be in such

in sodanige toestand verkeer, word tot 'n bad toegelaat nie. Waar so 'n persoon per abuis toegelaat is, moet hy die bad sonder versuim verlaat wanneer hy aangesê word om dit te doen. Geen bedwelmende drank mag na 'n bad gebring of daarbinne verbruik word nie.

(9) Geen hond word in 'n bad toegelaat nie.

(10) Geen persoon wat aan enige aansteeklike of oor-draagbare siekte of aan enige abnormale afskeiding van die oë, neus, ore of keel, of aan enige etterende sere ly, word in 'n bad toegelaat nie.

(11) By gebreke van enige bewys van nalatigheid aan die kant van die Raad of enige van sy werknemers, is die Raad nie aanspreeklik vir die verlies of diefstal van enige klere of besittings, van welke aard ookal, wat deur enige persoon in enige kleedkamer, of hokkie of op enige ander plek binne die bad-terrein gelaat word nie, en die Raad is nie aanspreeklik vir enige siekte of besering wat enige persoon opdoen of beweer dat hy opgedoen het terwyl hy 'n bad besoek het nie.

(12) (1) Geen persoon mag in 'n bad waterpolo speel nie, behalwe op sodanige tye en voorwaardes as wat die Raad of die Superintendent vasstel, en geen persoon mag enige spel speel wat ander baaiers of toeskouers kan be-seer of verontrief nie.

(2) Die gebruik van branderplanke, kano's, bote, ponte, vlotte of ander dinge wat beserings kan veroorsaak, word verbied, behalwe met die uitdruklike goedkeuring van die Superintendent en op sodanige voorwaardes as wat hy mag voorskryf.

(13) Geen persoon mag enige dier of voël wat op 'n badterrein aangehou word, molestreer of hom daarmee bemoei nie, en geen persoon mag hom met enige plant bemoei of enige blom, steggie of afsnydel afpluk of afsny nie.

(14) Geen persoon mag by enige bad dobbel nie.

(15) Enige persoon wat die voorafgaande regulasies oortree of wat die Superintendent in die toepassing van hierdie regulasies of enige bevel ingevolge daarvan ge-maak, hinder, stel homself aan vervolging bloot, en by skuldigbevinding kan hy gevonnissen word tot 'n boete van hoogstens Tien Pond, en by wanbetaling tot gevangenis-straf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoog-stens twee maande.

HEFFINGSSKEDULE.

1. NIE-OORDRAAGBARE MAANDKAARTJIES.

Volwassenes	12/6
Kinders (16 jaar en jonger)	8/-
2. TOEGANG, PER PERSOON.

Volwassenes, per sessie, weekdae	9d.
Volwassenes, per sessie, Sondae en openbare vakansiedae	1/-

Ten opsigte van kinders bo 16 jaar geld dieselfde tariewe as vir volwassenes.
3. GEBRUIK VAN BAAIKOSTUUM EN HANDDOEK.

Per persoon per sessie per artikel	6d.
----------------------------------------------	-----
4. SKOOLKINDERS.
 - (a) in groepe van 20 of meer, vergesel deur en onder die sorg van 'n onderwyser, gedurende die tydperke wat vir die gebruik van skoolkinders opsygesit is 3d.
 - (b) buite die tydperke vir skoolkinders opsygesit 6d.
5. BESPREKING VAN DIE BAD.

Bespreking van die bad vir swemgalas, ens., per dag of aand £5.0.0.

Bespreking van die bad vir „klub-aande” deur swem-klubs of ander goedgekeurde organisasies, hoogstens een-keer per week per klub of organisasie, tydens ure deur die Raad vasgestel, insluitende waterpolo-wedstryde, maar uitgesonderd swemgalas, per seisoen — £10.0.0.

Bespreking van die bad vir ontspannings- of lig-gaamsopvoedingsdoeleindes van 'n skool of soortgelyke goedgekeurde organisasies, hoogstens eenkeer per week per skool of organisasie, op enige dag tussen Maandag en Vrydag, op tye deur die Raad vasgestel per sessie — 10/-

a state, shall be admitted to a Bath, where such person has been inadvertently admitted, he shall vacate such Bath without delay on being ordered to do so by the Superintendent. No intoxicating liquor shall be taken to or consumed at a Bath.

(9) No dog shall be allowed in a Bath.

(10) No person shall at any time, enter a Bath suffering from any contagious or infectious disease or from any abnormal discharge from the eyes, nose, ears or throat, or from a discharging sore.

(11) The Council in the absence of proof of negligence on its part or on the part of any of its employee, shall not be responsible for the loss or theft of clothing or effects of any description left by any person in the dressing rooms or cubicle or elsewhere in a Bath, and the Council shall not be responsible for any injuries sustained or illness contracted or alleged to have been sustained or contracted as the case may be, by any person at a Bath.

(12) (1) No person shall play water-polo at a Bath except at such times and under such conditions as shall be fixed by the Council or the Superintendent, nor shall any person play any other game likely to cause injury or discomfort to bathers or spectators.

(2) The use of a surfboard, canoe, boat, punt, raft or other thing which may cause injury, shall be prohibited at a Bath except with the express permission of the Superintendent and under such conditions as the Superintendent may impose.

(13) No person shall interfere with or molest any animal or bird kept on the premises on which a Bath is situated, nor shall any person interfere with any plant or pick any flower, slip or cutting.

(14) No person shall gamble at a Bath.

(15) Every person contravening the foregoing Regu-lations or interfering with or obstructing the Superinten-dent in the execution and carrying out of these Regula-tions or any order made thereunder, shall be liable to prosecution and upon conviction may be sentenced to a fine not exceeding Ten Pounds Sterling (£10) and in de-fault of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding two months.

SCHEDULE OF FEES.

1. MONTHLY CARDS WHICH SHALL NOT BE TRANSFERABLE.

Adults	12/6
Children (16 years and younger)	8/-
2. SINGLE ADMISSION.

Per adult — per session — Weekdays	9d.
Per adult — per session — Sundays and Public Holidays	1/-

Children over the age of 16 years shall pay the same tariff as adults.
3. USE OF COSTUME AND TOWEL.

Per person — per session — per article	6d.
--------------------------------------------------	-----
4. SCHOOL CHILDREN.
 - (a) when in parties not less than 20 accompanied by and under the care of a teacher, and using the bath during the hours reserved for the use of school children 3d.
 - (b) when resorting to the bath outside the hours re-served for school children 6d.
5. RESERVATION OF BATH.

Reservation of bath for swimming galas, etc., per day or per night — £5.0.0.

Reservation of bath for "Club Nights" by swimming clubs or other approved organisations not more than once per week per club or organisation during hours specified by Council including water-polo matches but excluding swimming galas per season — £10.0.0.

Reservation of bath for recreation or physical train-ing purposes of a school or similar approved organisations, not more than once per week per school or organisation on any day from Monday to Friday during hours specified by Council, per session — 10/-.

No. 64.]

[1st April, 1959.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) van artikel *eenhonderd-en-sestig*, gelees met artikel *eenhonderd-nege-en-negentig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949) sy goedkeuring te geg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 23 van 1955, soos op die Munisipaliteit Luderitz van toepassing gemaak by Goewermentskennisgewing 3 van 1956, en gewysig by Goewermentskennisgewings nos. 41, 167, 178, 199 en 235 van 1956, 118 en 202 van 1957 en 19 van 1959:—

MUNISIPALITEIT LUDERITZ.

WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES.

Bylae „A” word hiermee gewysig deur die weglating van die woorde „in die geval van hotelle, losieshuise en woonstelle”, waar dit in die vyfde en die sesde reël van paragraaf (d) verskyn.

No. 65.]

[1 April 1959.

UITVOERENDE KOMITEE: VERKIESING VAN LID.

Hiermee word vir algemene inligting ooreenkomstig die bepalings van Regulasie 18 van die Regulasies afgekondig onder Goewermentskennisgewing No. 1067 van 1952, bekendgemaak, dat mnr. SIMON FRANK behoorlik as lid van die Uitvoerende Komitee vir die Gebied Suidwes-Afrika op 17 Maart 1959, as verkose verklaar is.

No. 66.]

[1 April 1959.

RONDGAANDE HOWE.

Kragtens die bevoegdhede hom verleen by Artikels *twee* en *drie* van die „Verdere Rechtsbedelings Proklamatie” 1920 het die Administrateur die Gebied Suidwes-Afrika in die volgende Rondgangdistrikte verdeel:—

- (1) NOORDELIKE RONDGANG DISTRIK, bestaande uit die Magistraatsdistrikte van Grootfontein, Kaokoveld, Omaruru, Otjiwarongo, Outjo, Ovamboland, Okavango en Tsumeb.
- (2) SENTRALE en SUIDELIKE RONDGANG DISTRIK, bestaande uit die Magistraatsdistrikte van Bethanie, Gibeon, Gobabis, Karibib, Keetmanshoop, Luderitz, Maltahöhe, Okahandja, Rehoboth, Swakopmund, Walvisbaai, Warmbad en Windhoek,

en het gelas dat Rondgaande Howe gehou sal word in die Dorpe en op die datums en ure vermeld in die Bylae hiervan, met dien verstande dat ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene oorsaak of oponthoud verhinder word om die Rondgaande Hof op enigeen van die genoemde plekke op die vasgestelde datum te open, sodanige Rondgaande Hof geopen moet word op die dag waarop die Regter op die betrokke plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik kan geskied.

BYLAE.

- (1) Vir die NOORDELIKE RONDGANG DISTRIK te Otjiwarongo op 15 April 1959 om 10 v.m.
- (2) Vir die SENTRALE en SUIDELIKE RONDGANG DISTRIK te Windhoek op 23 April 1959 om 10 v.m.

No. 64.]

[1 April 1959.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (3) of section *one hundred and sixty*, read with section *one hundred and ninety-nine* of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance No. 3 of 1949) to approve of the under-mentioned amendment to the regulations published under Government Notice No. 23 of 1955, as applied to the Municipality of Luderitz by Government Notice No. 3 of 1956, and amended by Government Notices Nos. 41, 167, 178, 199 and 235 of 1956, 118 and 202 of 1957 and 19 of 1959:

MUNICIPALITY OF LUDERITZ.

AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS.

Schedule “A” is hereby amended by the deletion of the words “in the case of hotels, boarding houses and blocks of flats” in the fifth and sixth lines of paragraph (d).

No. 65.]

[1st April, 1959.

EXECUTIVE COMMITTEE: ELECTION OF MEMBER.

It is hereby notified for general information, in accordance with the provisions of Regulation 18 of the Regulations published under Government Notice No. 1067 of 1952, that Mr. SIMON FRANK had been declared duly elected on the 17th March, 1959 as a member of the Executive Committee for the Territory of South West Africa.

No. 66.]

[1st April, 1959.

CIRCUIT COURTS.

Under and by virtue of the powers conferred by sections *two* and *three* of the Further Administration of Justice Proclamation, 1920, the Administrator has divided the Territory of South West Africa into the following Circuit Districts:—

- (1) NORTHERN CIRCUIT DISTRICT, comprising the Magisterial Districts of Grootfontein, Kaokoveld, Omaruru, Otjiwarongo, Outjo, Ovamboland, Okavango and Tsumeb.
- (2) CENTRAL and SOUTHERN CIRCUIT DISTRICT, comprising the Magisterial Districts of Bethanie, Gibeon, Gobabis, Karibib, Keetmanshoop, Luderitz, Maltahöhe, Okahandja, Rehoboth, Swakopmund, Walvis Bay, Warmbad and Windhoek,

and he has directed that Circuit Courts shall be held in the Towns and on the days and at the times set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by an unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

SCHEDULE.

- (1) For the northern CIRCUIT DISTRICT at OTJIWARONGO on the 15th April, 1959 at 10 a.m.
- (2) For the CENTRAL and SOUTHERN CIRCUIT DISTRICT at WINDHOEK on the 23rd April, 1959, at 10 a.m.

No. 67.]

[1 April 1959.

Ek, Daniël Thomas du Plessis Viljoen, Administrateur van Suidwes-Afrika kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen by Artikel 18 van die Ordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1954 (Ordonnansie 26 van 1954) soos gewysig onttrek hierby van Kleimafsteking vir 'n tydperk van veertien (14) maande vanaf die datum van publikasie hiervan die onderbepaalde gebied;

No. 67.]

[1st April, 1959.

I, Daniel Thomas du Plessis Viljoen, Administrator of South West Africa, under and by virtue of the powers in me vested by Section 18 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1954 (Ordinance No. 26 of 1954) as amended, do hereby withdraw from pegging for a period of fourteen (14) months from the date of publication hereof the undermentioned area:—

GEBIED ONTTREK VAN KLEIMAFSTEKING.

Van 'n punt op die noordoewer van die Kuisebrivier waar die oostelike grenslyn van Wildreservaat 3 dit kruis, dan in 'n oostelike rigting met die noordoewer van die Kuisebrivier tot by breedtegraad 23° 30'; dan weswaarts met breedtegraad 23° 30' tot aan die oostelike grens van Wildreservaat 3; en in 'n suidelike rigting met hierdie grens tot by die aanvangspunt.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

AREA WITHDRAWN FROM PEGGING.

From a point on the Kuiseb River where the eastern boundary of Game Reserve No. 3 crosses the northern bank of the river in an easterly direction along the northern bank of the Kuiseb River to 23° 30' latitude; then west along 23° 30' latitude to the eastern boundary of Game Reserve No. 3; then in a southerly direction along the eastern boundary of Game Reserve No. 3 to the point of commencement.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

No. 379 (Unie).]

[6 Maart 1959.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD:

REÛLS VIR DIE REGISTRASIE VAN DIAGNOSTIESE RADIOGRAWE.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen ingevolge subartikel (4) van artikel vier-en-negentig van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die volgende reëls vir die registrasie van diagnostiese radiograwe opgestel deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel vier-en-negentig gelees met artikel twee-enderdertig van bogenoemde Wet:

1. Die Raad kan 'n sertifikaat van registrasie as diagnostiese radiograaf aan 'n persoon uitreik wat 'n kwalifikasie in diagnostiese radiografie behaal het wat toegeken is nadat hy geëksamineer is deur 'n inrigting of eksaminerende liggaam wat van tyd tot tyd volgens besluit van die Raad goedgekeur is as bevoeg om sodanige kwalifikasie uit te reik: Met dien verstande dat geen kwalifikasie vir doeleindes van hierdie reël aangeneem sal word nie tensy die tydperk van opleiding daarvoor oor minstens twee jaar gestrek het: Met dien verstande verder dat 'n applikant wat in besit is van 'n registreerbare kwalifikasie in terapeutiese radiografie en wat daarna, na aflegging van 'n eksamen en na 'n verdere tydperk van opleiding wat oor minstens twaalf maande gestrek het, 'n aanneembare kwalifikasie in diagnostiese radiografie behaal het, geregistreer mag word: Met dien verstande verder dat elke persoon wat, by afkondiging van hierdie reëls, as radiograaf by die Raad geregistreer is ingevolge die bepalings van Goewermentskennisgewing No. 1554 van 22 September 1944, soos gewysig, geag word as diagnostiese radiograaf geregistreer te wees.

2. Indien, in die geval van 'n aansoek om 'n registrasiesertifikaat, die inrigting of eksaminerende liggaam op wie se sertifikaat of kwalifikasie die aansoek gebaseer is, nie reeds deur die Raad goedgekeur is nie, moet die applikant gesaghebbende inligting aan die Raad laat verstrek betreffende die standaard van die opleiding aldaar, waarna, indien die standaard van opleiding deur die Raad bevredigend geag word, die inrigting of eksaminerende liggaam goedgekeur word.

3. Alle applikante om registrasie ingevolge hierdie reëls moet die kwalifikasies op grond waarvan hulle aanspraak op registrasie maak, voorlê, tesame met:

- (a) 'n verklaring van identiteit wat voor 'n vrederegter of 'n kommissaris van ede beëdig is;
- (b) 'n sertifikaat van goeie gedrag onderteken deur 'n geregistreerde persoon, 'n predikant, 'n magistraat of 'n ander verantwoordelike persoon;
- (c) 'n sertifikaat van 'n geregistreerde geneesheer dat die gesondheid van die applikant nie sodanig is dat dit in die belang van pasiënte of in sy eie belang onraadsaam is dat die applikant diagnostiese radiografie beoefen nie;
- (d) 'n beëdigde verklaring voor 'n vrederegter of 'n kommissaris van ede deur die applikant afgelê dat hy nooit in enige land as gevolg van 'n misdryf of professionele wangedrag verbied is om te praktiseer nie;
- (e) 'n bedrag van £5 vir registrasie.

4. Die Raad kan eis dat bewys gelewer word van die egtheid en geldigheid van die kwalifikasie.

No. 379.]

[6th March, 1959.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL:

RULES FOR THE REGISTRATION OF DIAGNOSTIC RADIOGRAPHERS.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section ninety-four of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the following rules regarding the registration of diagnostic radiographers made by the South African Medical and Dental Council under section ninety-four read with section thirty-two of the said Act:

1. The Council may grant a registration certificate as a diagnostic radiographer to any person who has obtained a qualification in diagnostic radiography granted after examination by any institution or examining body approved by resolution of the Council from time to time as competent to grant such qualification: Provided that no qualification shall be accepted for the purpose of this rule unless the training therefore has extended over a minimum period of two years; Provided further that an applicant who holds a registrable qualification in therapeutic radiography and who subsequently has obtained by examination an acceptable qualification in diagnostic radiography after a further period of training extending over at least twelve months, may be registered: Provided further that every person who, on promulgation of these rules, has been registered by the Council as a Radiographer under the provisions of Government Notice No. 1554 of 22nd September, 1944, as amended, shall be deemed to be registered as a diagnostic radiographer.

2. Where, in the case of an application for a registration certificate, the institution or examining body on whose certificate of qualification the application is based, has not already been approved by the Council, the applicant shall be required to cause the Council to be furnished with authoritative information as to the standard of training given thereat, whereupon, if such standard of training is considered satisfactory by the Council, such institution or examining body shall be approved.

3. All applicants for registration under these rules shall be required to submit the qualifications by virtue of which they claim to be registered, together with —

- (a) a declaration of identity sworn before a Justice of the Peace or Commissioner of Oaths;
- (b) a certificate of good character signed by a registered person, a Minister of Religion, Magistrate or other responsible person;
- (c) a certificate from a registered medical practitioner to the effect that the health of the applicant is not such as in the interest of patients or himself to render it inadvisable that such applicant should engage in diagnostic radiography;
- (d) a sworn declaration before a Justice of the Peace or Commissioner of Oaths by the applicant that he has never been debarred from practice in any country by reason of misdemeanour or professional misconduct;
- (e) a fee of £5 for registration.

4. The Council may require proof of the authenticity and validity of the qualification.

5. Die reëls vir die registrasie van radiograwe soos afgekondig in Goewermentskennisgewing No. 1554 van 22 September 1944, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 2004 van 18 Augustus 1950, en die reëls vir die registrasie van diagnostiese radiograwe soos afgekondig in Goewermentskennisgewing No. 2039 van 30 September 1949, en gewysig by Goewermentskennisgewing No. 2005 van 1950, word hierby herroep.

5. The rules for the registration of radiographers, published in Government Notice No. 1554 of 22nd September, 1944, as amended by Government Notice No. 2004 of 18th August, 1950, and the rules for the registration of diagnostic radiographers, published in Government Notice No. 2039 of 30th September, 1949, as amended by Government Notice No. 2005 of 1950, are hereby rescinded.

No. 380 (Unie).]

[6 Maart 1959.

No. 380 (Union).]

[6th March, 1959.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN
TANDHEELKUNDIGE RAAD:

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL
COUNCIL:

REËLS VIR DIE REGISTRASIE VAN TERAPEUTIESE
RADIOGRAWE.

RULES FOR THE REGISTRATION OF THERAPEUTIC
RADIOGRAPHERS.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen ingevolge subartikel (4) van artikel vier-en-negentig van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die volgende reëls vir die registrasie van terapeutiese radiograwe opgestel deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel vier-en-negentig gelees met artikel twee-en-dertig van genoemde Wet:

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section ninety-four of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the following rules regarding the registration of the therapeutic radiographers made by the South African Medical and Dental Council under section ninety-four read with section thirty-two of the said Act:

1. Die Raad kan 'n sertifikaat van registrasie as terapeutiese radiograaf aan enige persoon uitreik wat 'n kwalifikasie in terapeutiese radiografie behaal het wat toegeken is nadat hy geëksamineer is deur 'n inrigting of eksaminerende liggaam wat van tyd tot tyd volgens besluit van die Raad goedgekeur is as bevoeg om sodanige kwalifikasie uit te reik: Met dien verstande dat geen kwalifikasie vir doeleindes van hierdie reël aangeneem word nie tensy die tydperk van opleiding daarvoor oor minstens twee jaar gestrek het: Met dien verstande verder dat 'n applikant wat in besit is van 'n geregistreerbare kwalifikasie in diagnostiese radiografie en wat daarna, na aflegging van 'n eksamen en na 'n verdere tydperk van opleiding wat oor minstens twaalf maande gestrek het, 'n aanneembare kwalifikasie in terapeutiese radiografie behaal het, geregistreer mag word: Met dien verstande verder dat elke persoon wat, by afkondiging van hierdie reëls, as radiograaf by die Raad geregistreer is ingevolge die bepaling van Goewermentskennisgewing No. 1554 van 22 September 1944, soos gewysig, geag word as terapeutiese radiograaf geregistreer te wees.

1. The Council may grant a registration certificate as a therapeutic radiographer to any person who has obtained a qualification in therapeutic radiography granted after examination by any institution or examining body approved by resolution of the Council from time to time as competent to grant such qualification: Provided that no qualification shall be accepted for the purpose of this rule unless the training therefore has extended over a minimum period of two years: Provided further that an applicant who holds a registerable qualification in diagnostic radiography and who subsequently has obtained by examination an acceptable qualification in therapeutic radiography after a further period of training extending over at least twelve months, may be registered: Provided further that every person who, on promulgation of these rules, has been registered by the Council as a radiographer under the provisions of Government Notice No. 1554 of 22nd September, 1944, as amended, shall be deemed to be registered as a therapeutic radiographer.

2. Indien, in die geval van 'n aansoek om 'n registrasiesertifikaat, die inrigting of eksaminerende liggaam op wie se sertifikaat of kwalifikasie die aansoek gebaseer is, nie reeds deur die Raad goedgekeur is nie, moet die applikant gesaghebbende inligting aan die Raad laat verstrek betreffende die standaard van die opleiding aldaar, waarna, indien die standaard van die opleiding deur die Raad bevredigend geag word, die inrigting of eksaminerende liggaam goedgekeur word.

2. Where, in the case of an application for a registration certificate, the institution or examining body on whose certificate of qualification the application is based, has not already been approved by the Council, the applicant shall be required to cause the Council to be furnished with authoritative information as to the standard of training given thereat, whereupon, if such standard of training is considered satisfactory by the Council, such institution or examining body shall be approved.

3. Alle applikante om registrasie ingevolge hierdie reëls moet die kwalifikasies op grond waarvan hulle aanspraak op registrasie maak, voorlê, tesame met —

3. All applicants for registration under these rules shall be required to submit the qualifications by virtue of which they claim to be registered, together with —

- 'n Verklaring van identiteit wat voor 'n vrederegter of 'n kommissaris van ede beëdig is;
- 'n sertifikaat van goeie gedrag onderteken deur 'n geregistreerde persoon, 'n predikant, 'n magistraat of 'n ander verantwoordelike persoon;
- 'n sertifikaat van 'n geregistreerde geneesheer dat die gesondheid van die applikant nie sodanig is dat dit in die belang van pasiënte of in sy eie belang onraadsaam is dat die applikant terapeutiese radiografie beoefen nie;
- 'n beëdigde verklaring voor 'n vrederegter of 'n kommissaris van ede deur die applikant afgelê dat hy nooit in enige land as gevolg van 'n misdryf of professionele wangedrag verbied is om te praktiseer nie;
- 'n bedrag van £5 vir registrasie.

- a declaration of identity sworn before a Justice of the Peace or Commissioner of Oaths;
- a certificate of good character signed by a registered person, a Minister of Religion, Magistrate or other responsible person;
- a certificate from a registered medical practitioner to the effect that the health of the applicant is not such as in the interest of patients or himself to render it inadvisable that such applicant should engage in therapeutic radiography;
- a sworn declaration before a Justice of the Peace or Commission of Oaths by the applicant that he has never been debarred from practice in any country by reason of misdemeanour or professional misconduct;
- a fee of £5 for registration.

4. Die Raad kan eis dat bewys gelewer word van die egtheid en geldigheid van die kwalifikasie.

4. The Council may require proof of the authenticity and validity of the qualification.

5. Die reëls vir die registrasie van radiograwe soos afgekondig in Goewermentskennisgewing No. 1554 van 22 September 1944, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 2004 van 18 Augustus 1950, word hierby herroep.

5. The rules for the registration of radiographers, published in Government Notice No. 1554 of 22nd September, 1944, as amended by Government Notice No. 2004 of 18th August, 1950, are hereby rescinded.

No. 381 (Unie).]

[6 Maart 1959.

No. 381 (Union).]

[6th March, 1959.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD:

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL:

REÛLS BETREFFENDE DIE VOORWAARDES WAAROP GEREGISTREERDE TEREPEUTIESE RADIOGRAWE HULLE BEROEP MAG BEOEFEN.

RULES REGARDING THE CONDITIONS UNDER WHICH REGISTERED THERAPEUTIC RADIOGRAPHERS MAY CARRY ON THEIR CALLING.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen ingevolge subartikel (4) van artikel vier-en-negentig van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die volgende reëls betreffende die voorwaardes waarop geregistreeerde terapeutiese radiograwe hulle beroep mag beoefen, opgestel deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens subartikel (2) (k) van genoemde artikel van die Wet:

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section ninety-four of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the following rules regarding the conditions under which registered therapeutic radiographers may carry on their calling made by the South African Medical and Dental Council under sub-section (2) (k) of the said Section of the Act:

1. 'n geregistreeerde terapeutiese radiograaf mag nie:

- (a) mediese terapeuties radiografiese werk onderneem behalwe volgens voorskrif en onder beheer van 'n geregistreeerde geneesheer nie;
- (b) met die doel om pasiënte of werk te verkry of om sy eie professionele belange te bevorder, hom regstreeks of onregstreeks op enige manier adverteer, of goedkeuring verleen of toestem tot die publikasie van enigiets wat hom aanbeveel of die aandag op sy professionele bekwaamheid, kennis, dienste of kwalifikasies vestig, of wat afdoen aan die professionele bekwaamheid, kennis, dienste of kwalifikasies van enige ander geregistreeerde persoon;
- (c) in professionele hoedanigheid goedere aan pasiënte verkoop of kommissie op die verkoop van goedere aanneem nie, maar dit sluit nie die verskaffing van verbande en toestelle in verband met die behandeling van besondere gevalle in nie.

2. 'n Geregistreeerde terapeutiese radiograaf wat enigeen van bostaande reëls oortree of versuim om na te kom, stel hom bloot aan 'n boete van hoogstens £10.

3. Die reëls betreffende die voorwaardes waarop geregistreeerde radiograwe hulle beroep mag beoefen, soos afgekondig in Goewermenskennisgewing No. 1555 van 22 September 1944, word hierby herroep.

1. A registered therapeutic radiographer shall not —

- (a) undertake any medical therapeutic radiography work for any person except under the direction and control of a registered medical practitioner;
- (b) for the purpose of obtaining patients or work or of promoting his own professional interests, directly or indirectly advertise himself in any manner or procure, sanction or acquiesce in the publication of matter commending or directing attention to his professional skill, knowledge, services or qualifications or deprecating the professional skill, knowledge, services or qualifications of any other registered person;
- (c) sell goods to patients in a professional capacity or accept commission on the sale of goods, but this shall not be deemed to include the supply of dressings or appliances in connection with the treatment of particular cases.

2. A registered therapeutic radiographer contravening or failing to comply with any of the above rules shall be liable to a fine not exceeding £10.

3. The rules regarding the conditions under which registered radiographers may carry on their calling, published in Government Notice No. 1555 of the 22nd September, 1944, are hereby rescinded.

No. 393 (Unie).]

[13 Maart 1959.

No. 393 (Union).]

[13th March, 1959.

DOEANEWET, 1955 — KORTING VAN REG.

CUSTOMS ACT, 1955 — REBATE OF DUTY.

Ek, Theophilus Ebenhaezer Dönges, Minister van Finansies, handelende kragtens subartikel 2 (d) van artikel honderd van die Doeanewet, No. 55 van 1955, soos gewysig, wysig deel IV van Goewermenskennisgewing No. 224 van Februarie 1956, soos gewysig, soos volg:—

I, Theophilus Ebenhaezer Dönges, Minister of Finance, acting in terms of sub-section (2) (d) of section one hundred of the Customs Act No. 55 of 1955, as amended, hereby amend Part IV of Government Notice No. 224 of the 17th February, 1956, as amended, as follows:—

- (a) Deur by subparagraaf (2) van paragraaf 2 die volgende by te voeg:—
 „(b) Elektrodes (batteryplate) van nikkel of yster. 10% ad valorem”
- (b) Deur subparagraaf (19) van paragraaf 1 deur die woorde „(Geen paragraaf)” te vervang.

- (a) By adding the following to sub-paragraph (2) of paragraph 2:—
 “(b) Electrodes (battery plates) of nickel or iron. 10% ad valorem”
- (b) By substituting for sub-paragraph (19) of paragraph 1 the words:— “(No paragraph).”

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

OPMERKING — Die uitwerking van die kennisgewing is om op gemelde goedere 'n korting van reg tot die bedrag vermeld, in plaas van 'n korting tot die bedrag van die intermediëre reg, toe te staan.

NOTE.—The effect of this notice is to allow a rebate to the extent indicated instead of a rebate to the extent of the intermediate duty on the goods mentioned.

Algemene Kennisgewings.

General Notices.

(No. 33 van/of 1959).

BANKOPGAWES VIR DIE KWARTAAL EINDIGENDE 31 DESEMBER 1958, OOREENKOMSTIG ARTIKEL AGT VAN DIE BANKEPROKLAMASIE 1930 (PROKLAMASIE No. 29 VAN 1930).

BANKS' STATEMENTS FOR THE QUARTER ENDED 31st DECEMBER, 1958, IN TERMS OF SECTION EIGHT OF PROCLAMATION No. 29 of 1930. (THE BANKS' PROCLAMATION, 1930).

STATEMENT OF LIABILITIES AND ASSETS OF NETHERLANDS BANK OF SOUTH AFRICA LTD.

for the Calendar Quarter ended on the 31st day of December, 1958.

(Required in terms of paragraph (a) of section 8 (1) of the Banks Proclamation, 1930.)

Authorised Capital £3,500,000 divided into 3,500,000 shares of £1 each.

Subscribed Capital £2,500,000 divided into 2,500,000 shares of £1 each.

Paid-up Capital £2,500,000 divided into 2,500,000 shares of £1 each.

STAAT VAN LASTE EN BATE VAN NETHERLANDS BANK OF SOUTH AFRICA LTD.

vir die Kalenderkwartaal geëindig, op die 31ste dag van Desember 1958.

(Ingevolge paragraaf (a) van artikel 8 (1) van die Bankeproklamasie, 1930.)

Nominale Kapitaal £3,500,000 verdeel in 3,500,000 aandele van £1 elk.

Geplaaste Kapitaal £2,500,000 verdeel in 2,500,000 aandele van £1 elk.

Gestorte Kapitaal £2,500,000 verdeel in 2,500,000 aandele van £1 elk.

LIABILITIES—LASTE.

<i>Liabilities to the Public, Laste aan die Publiek.</i>	In S.W.Africa. Binne S.W.Afrika.	Outside S.W.Africa. Buite S.W.Afrika.	Total. Totaal.
	£	£	£
1. Notes in Circulation			
Bankbiljette in omloop			
2. Deposits by the Public:—			
Deposito's deur die publiek:—			
(a) Demand	46,635	16,575,848	16,622,483
Onmiddellik opeisbare			
(b) Savings Bank	15,200	5,402,102	5,417,302
Spaarbank			
(c) Time	612,697	12,343,672	12,956,369
Termyn			
3. Balances due to Governments:—			
Saldi verskuldig aan owerhede:—			
(a) Administration			
Administrasie			
(b) Union Government		5,192	5,192
Unie regering			
(c) Local Governments		31,380	31,380
Plaaslike Regerings			
4. Balances due to other Banks:—			
Saldi verskuldig aan ander banke:—			
(a) Commercial Banks registered in the Territory .		756	756
Handelsbanke in die Gebied geregistreer			
(b) Other Banks		2,578,355	2,578,355
Ander Banke			
5. Balances due to South African Reserve Bank			
Saldi verskuldig aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank			
6. Bills Payable	25	105,206	105,231
Te bate wissels			
7. Acceptances on behalf of Customers:—			
Aksepte ten behoeve van klante:—			
(a) Under Letters of Credit issued in the Territory .		51,998	51,998
Kragtens kredietbriewe uitgereik in die Gebied			
(b) Other		356,061	356,061
Ander			
8. Mortgages and other liens on Bank Premises and other Landed Property			
Verbande en ander pandregte oor bankgeboue en ander vaste eiendom			
9. Total Liabilities to the Public	674,557	37,450,570	38,125,127
Totale verpligtings teenoor die publiek			
Other Liabilities.—Ander Verpligtings:—			
10. Total Paid-Up Capital and Unimpaired Reserve Funds:—			
Totale gestorte kapitaal en onaangetaste reserwefonds:—			
(a) Paid-up Capital		2,500,000	2,500,000
Gestorte kapitaal			
(b) Unimpaired Reserve Funds		1,250,000	1,250,000
Onaangetaste reserwefondse			
11. Balances due to Head Offices and Branches		71,277	71,277
Saldi verskuldig aan hoofkantoor en takke			
12. Liabilities other than the foregoing	560	984,245	984,805
Ander verpligtings as die voormelde			
13. Total Other Liabilities	560	4,805,522	4,806,082
Totaal van ander verpligtings			
14. Grand Total of Liabilities	675,117	42,256,092	42,931,209
Groot-totaal van verpligtings			

Contingent Liabilities.—Voorwaardelike Verpligtings.

15. Instalments due on Loan Subscriptions		
Ongestorte bedrag verskuldig op deur die bank ingetekende obligasies		
16. Bills Re-discounted		
Herdiskonteerde wissels		
17. Forward Exchange Contracts	5,491,820	5,491,820
Valutatermykontrakte		
18. Uncalled Liability on Shares		
Ongestorte bedrag verskuldig op aandeel		
19. Loans Granted but not yet paid out		
Lenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie		

ASSETS.—BATE.

	In S.W.Africa. Binne S.W.Afrika.	Outside S.W.Africa. Buite S.W.Afrika.	Total. Totaal.
	£	£	£
1. Subsidiary Coin	2,101	151,311	153,412
Pasmunt			
2. Gold Coin and Bullion			
Goudmunt en staafgoud			
3. Notes of South African Reserve Bank	18,788	891,910	910,698
Suid-Afrikaanse Reserwebank biljette			
4. Notes of Other Banks	12,200	109,003	121,203
Bankbiljette van ander banke			
5. Balances in S.A. Reserve Bank		2,232,967	2,232,967
Saldi in die Suid-Afrikaanse Reserwebank			
5a. Balance in National Finance Corporation of South Africa		2,700,000	2,700,000
Saldi in die Nasionale Finansiële Korporasie van Suid-Afrika			
6. Balances due by:—			
Saldi verskuldig deur:—			
(a) Other Banks:			
Ander Banke:			
(i) Commercial Banks registered in the Territory		428,143	428,143
Handelsbanke in die Gebied geregistreer			
(ii) Other Banks		1,050,870	1,050,870
Ander banke			
(b) Building Societies			
Bouverenigings			
(c) Other Institutions			
Ander instellings			
7. Money at Call and Short Notice		1,820,337	1,820,337
Onmiddellik en met kort kennisgewing opeisbare geld			
8. Investments:—			
Beleggings:—			
(a) Union Government Stocks		3,034,851	3,034,851
Obligasies van die Unieregering			
(b) Union Treasury Bills		2,050,000	2,050,000
Unie-skatkiesbewys			
(c) Other Government Stock		111,539	111,539
Ander staatsobligasies			
(d) Other Government Treasury Bills			
Skatkiesbewyse van ander regerings			
(e) Municipal Stocks		98,750	98,750
Obligasies van munisipaliteite			
(f) Public Utilities Stock		2,450	2,450
Effekte van versorgingsbedrywe			
(g) Other Debenture Securities			
Ander obligasies			
(h) Banking Stocks and Shares		12,500	12,500
Bankaandeel			
(i) Other Stocks and Shares		212,500	212,500
Ander aandeel			
9. Bills Discounted:—			
Gediskonteerde wissels:—			
(a) Current	21	2,055,483	2,055,504
Lopende			
(i) Trade Bills			
Handelsswissels			
(ii) Accommodation Bills	21		
Akkommodasiewissels			
(b) Overdue and Unpaid		470	470
Vervalle en onbetaald			

10. Bills of Exchange Purchased:— Gekoopte wissels:—			
(a) Current			
Lopende			
(b) Overdue and Unpaid			
Vervalle en onbetaald			
11. Bills Receivable:— Te inne wissels:—			
(a) Current	1,287	4,925,902	4,927,189
Lopende			
(b) Overdue and Unpaid		27,365	27,365
Vervalle en onbetaald			
12. Loans and Advances to the Public:— Lenings en voorskotte aan die publiek:—			
(a) Unsecured—Current	6,393	3,186,185	3,192,578
Ongedekte—Lopende			
(b) Secured—Current	84,149	14,224,605	14,308,754
Gedekte—Lopende			
(i) By Stocks, Shares and Debentures			
Deur obligasies en aandele			
(ii) By Mortgage over Town Property	1,400		
Deur verbande op stedelike eiendom			
(iii) By Mortgage over Farm Property			
Deur verbande op plaas eiendom			
(iv) By pledges of Bills for Collection	868		
(v) By Guarantees	79,363		
Deur garansies			
(vi) By Sureties and Co-principal Debtors			
Deur borge en medehoofskuldenare			
(vii) By Sundry Securities	2,518		
Deur diverse sekuriteite			
(c) Overdue and Unpaid			
Vervalle en onbetaald			
13. Advances to Governments:— Voorskotte aan owerhede:—			
(a) Administration		4,650	4,650
Administrasie			
(b) Other Governments			
Ander regerings			
(c) Local Governments (Municipalities)		5,056	5,056
Plaaslike owerhede (munisipaliteite)			
